| PUNTE-TOTAAL |
|---|
| |

**Plak asseblief die strepieskode-etiket hier**

INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2022

# VERDERE STUDIES AFRIKAANS

| **EKSAMENNOMMER** | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

Tyd: 3 uur

300 punte

## LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Beantwoord AL die vrae op die vraestel en dien dit aan die einde van die eksamen in. Onthou om jou eksamennommer in die ruimte wat op die vraestel voorsien is, te skryf.

3. Beantwoord AL die vrae in hierdie vraestel.

   Vraag 1: Tekste wat jy bestudeer het uit TWEE van die volgende genres:
   - Prosa
   - Drama
   - Film

   Vraag 2: TWEE digtydperke uit die Afrikaanse Poësie
   Vraag 3: Filosofiese besinning oor jou eie leesgeskiedenis

## SLEGS VIR EKSAMENGEBRUIK: NASIENER MOET PUNTE INVUL

| | **V1** | **V2** | **V3** | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|
| **Punt** | | | | |
| **Nasiener: voorletters** | | | | |
| **Gemodereerde punt** | | | | |
| **Moderator: voorletters** | | | | |
| **Vraagtotaal** | **100** | **100** | **100** | |
| **Hermerk** | | | | |
| **Voorletters** | | | | |
| **Kode** | | | | |

4. Elke antwoord moet die vorm van 'n eksak beredeneerde en deeglik gestaafde opstel aanneem. Daar is geen voorgeskrewe lengte vir die opstelle nie, slegs 'n verwagting dat jy akkuraat en met insig redeneer oor die tekste wat jy gelees het en dat jy poog om jou eie stem en sienswyse in jou opstelle na vore te bring.

5. Let asseblief daarop dat die gehalte van jou skryfstyl, die struktuur van jou argument, en die **vaardigheid en juistheid van jou gebruik van aanhalings (sowel as direkte verwysings na tekste)** in aanmerking geneem word wanneer jou antwoorde beoordeel word.

6. Korrekte spelling, taalgebruik, gepaste register, en leesbaarheid sal in jou guns tel.

7. Alhoewel hierdie eksamen 'n individuele reaksie van die kandidaat verwag, word analitiese skryfstukke vereis deur die gebruik van korrekte literêre terminologie, en nie bloot uitdrukkings van die kandidaat as leser se entoesiasme nie!

8. DRIE blanko bladsye (bladsye 18–20) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n vraag het, gebruik hierdie bladsye. Dui die nommer van jou antwoord duidelik aan, indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.

---

IEB Copyright © 2022

**VRAAG 1** **[100]**

In hierdie vraag moet jy noukeurig verwys na TWEE tekste wat jy bestudeer het in elk van die TWEE genres van jou keuse, naamlik prosa en/of drama en/of film. **Dit is altesaam vier tekste**. (Jy mag ook na meer as twee tekste uit elk van jou gekose twee genres verwys.)

Lees die volgende aanhaling noukeurig en reageer daarop volgens die opdrag.

> *"In ons soeke na die absolute waarheid reik ons na die onverkrygbare en moet ons tevrede wees met gebroke deeltjies."*
>
> Willem Osler (1849–1919): Kanadese geneeskundige

[Uit: Claassen, G., Muller, P, & Van Tonder, M. (Samestellers). 2007. *Die Groot Aanhalingsboek.* Human & Rousseau.]

**Opdrag: Beredeneer en evalueer in 'n opstel hoe problematies dit soms is om die waarheid in die lewens van die karakters wat jy bestudeer het, vas te pen.**

Die **tema –** "Die waarheid neem 'n duisend vorme aan" – moet ook by die beantwoording van hierdie vraag in ag geneem word.

Verwys na genre-kenmerke van prosa/drama/film in jou bespreking ten einde jou argument te versterk en te verdiep.

IEB Copyright © 2022 

IEB Copyright © 2022

IEB Copyright © 2022

**[100]**

## VRAAG 2 [100]

Die volgende ongesiene gedig dien as vertrekpunt vir hierdie vraag en vereis dat jy in jou bespreking daarna sal verwys. Dan moet jy ook na minstens DRIE gedigte uit ELK van TWEE digtydperke wat jy bestudeer het, verwys. **Dit is altesaam ses gedigte**.

**Die glasblaser**

Voor 'n hoogoond staan hy, bring
die blaaspyp se mondstuk stadig na sy lippe –
speel met 'n oeroue geduld die eerste note
van 'n melodie sonder klank. In die oond vonk

'n sterrestelsel uiteen en kyk hy op, gewaar hy
die heelal van lank gelede: die trae lig
van 'n ander leeftyd wat nou neerslag vind
in 'n hulsel sonder vorm.

Hy weet hierdie is tyd se geskenk, die lig
wat smelt om stilte op te vang as iets
breekbaar, dog leeg.

Soos 'n gedig, die refrein
sonder geluid

of beweging. Tydsaam draai hy
die glastrompet
om en om, blaas, draai, om en om, tuit –
die wêreld gaan hom verby,
blaas, asof
hy nog daar is.

Louis Esterhuizen

[Uit: Esterhuizen, Louis. 2020. *Die gladde stiltes in glas.* Protea Boekhuis.]

**Gebruik en interpreteer die bogenoemde gedig as vertrekpunt en bespreek in 'n opstel hoe glas, as 'n moontlike uitgebreide metafoor vir die gedig en die skryfhandeling, gevorm word. Verwys ook daarna hoe die titel van die bundel in dié gedig neerslag vind (hoe gladde stiltes in die glas oral om ons teenwoordig is).**

Jy mag op kritiese wyse omgaan met die idees wat in die gedig uitgedruk word.

In jou bespreking moet jy verwys na struktuur, beeldspraak en ander poëtiese elemente van die gedigte, waar dit van toepassing is.

IEB Copyright © 2022

IEB Copyright © 2022

IEB Copyright © 2022

IEB Copyright © 2022 

**[100]**

IEB Copyright © 2022

**VRAAG 3** **[100]**

In hierdie vraag moet jy direk verwys na VIER beduidende fiktiewe werke (vier romans of drie romans en 'n bundel kortverhale) wat jy **onafhanklik gelees en bedink** het vir hierdie eksamen.

Bestudeer die volgende aanhaling en reageer daarop volgens die opdrag.

| *"Om te skryf is soos om te droom terwyl jy wakker is. Dit is soos om te toor."* |
|---|

[Uit: Goosen, Jeanne. 2019. *Los gedagtes*. Hemel en See Boeke.]

**Opdrag: Beredeneer in 'n opstel in watter mate die skrywers van die werke wat jy gekies het, daarin geslaag het om 'n wêreld te skep waarin jy ook meegevoer kon word. Noem ook watter aspekte van hierdie wêreld jou altyd sal bybly.**

Verwys ook na struktuur- en verhaalelemente van die genre(s) wat jy bespreek om jou respons te verryk.

IEB Copyright © 2022

IEB Copyright © 2022

**[100]**

**Totaal: 300 punte**

## BYKOMENDE SPASIE (ALLE vrae)

**ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.**

IEB Copyright © 2022

IEB Copyright © 2022